### *Die gesuis van die wind by Elia en by ons*

**195** Na My vraag en die voorafgaande skildering staan almal met groot oë en kyk en hulle was nie in staat om `n antwoord te gee nie. Want hoe meer hulle daaroor nagedink het, des te meer deurmekaar het dit in hul verstand en hart geword.

[2] **Een** van die twee **afgevaardigdes** sê na `n rukkie: "Geëerde, wyse vriend! U lyk my baie op die hoogte te wees met die Skrif, hoewel u miskien eerder `n Romein of `n Griek kan wees. Die baie mistieke verhaal van die profeet Elia soos deur U vertel, is baie korrek weergegee, maar tot nog toe het niemand dit ooit verstaan nie. Dit sou besonder vreemd wees as `n heiden ons Judeërs `n uitleg daarvan sou kon gee. Ons sou dit egter graag van U af wil hoor, want ek het my reeds baie onduidelikhede van die profeet Jesaja laat uitlê deur `n wyse heiden uit die Moreland en dit het my grondige redes gegee om my baie oor sy diepe wysheid te verbaas. Dit skyn hom hier te wil herhaal. Daarom vra ons U net om, terwyl ons hier aanwesig is, vir ons U gedagte oor die beeld te onthul!"

[3] **Ek** sê: "Nou dan is dit so! Maar allereers moet ek julle misvatting, om My as `n heiden te beskou, regstel, want Ek is geen heiden nie, maar `n gebore Judeër soos julle. Ek is wel één met almal, om almal te wen vir die ryk van die Lig, vir die ryk van die Ewige Waarheid! Wie ore het, moet hoor, en wie oë het, moet nou sien!

[4] Elia stel die suiwer siel van die mens voor en die grot waarin hy verborge was, is die wêreld, en eintlik die vlees en bloed van die mens. Die Gees, wat teen Elia, respektiewelik teen die mensesiel praat, is die Gees van Elohim waarmee die siel één moet word, maar nog nie kan word omdat JaHWeH nog nie verbygetrek het by die grot van die vlees, of te wel die grot van die wêreld nie.

[5] Die verbygaande storm dui op die tyd vanaf die ou Adam tot by Noag. Die vuur dui op die tyd vanaf Noag tot op hede.

[6] Nou het die tyd van die sagte gesuis egter voor die grot van die profeet gekom. Hierdie tyd sal aan elke siel wat `n goeie wil het, algehele verlossing gee in die gees en in alle waarheid, en, let wel, ook julle staan nou op die punt om dié vryheid van Elia te verkry!

[7] Die skip wat julle hierheen gebring het, lyk ook soos `n profetegrot. Dit het hom eerste in die ruwe geweld van die storm bevind, en julle het in groot angs en vrees gesit, en toe julle deur die storm midde in die onbestendige see gedryf was, flits `n duisendvoudige vuur om julle klein, brose wêreld van verrotte planke, maar JaHWeH was nie in die vuur nie, hoewel hy met Sy Arm (`n engel) julle redding en behoud gebring het.

[8] Nou bevind julle julleself egter daar waar dit na die storm en die vuur saggies langs julle heen ruis. Wie bevind Homself egter vir julle en by julle in die sagte geruis?!"

[9] Nou verbaas die Perse hulle buitengewoon en **die afgevaardigde** sê: "Vreemd, vreemd! Die, o so regte, beeld lyk verrassend baie soos die van die ou profeet Elia! Dit het ook wonderlik gegaan met ons redding, en ook nie `n bietjie nie, en nou op hierdie heuwel neem ek werklik fisies en moreel die vreemde, geheimsinnige sagte geruis waar, waarvan die Gees aan die profeet gesê het dat JaHWeH daarin verbygegaan het! - Ja, wat vind julle dan, broers en susters?! Wat dink julle van hierdie geskiedenis?"

[10] **Die ander** spreek soos uit één mond: "Ons vind dit net so wonderbaarlik soos julle, maar self kan ons dit nie verklaar nie! Laat hierdie wyse man daarom maar vir jou en vir ons almal spreek!"

[11] **Die afgevaardigde** sê: "Ja, dit sou natuurlik wel die beste wees, maar `n mens kan tog nie op hierdie plek, waar die hoogste gebieders van Rome en konings en vorste vertoef, sommer die een of ander eis nie, `n mens moet eers om die nodige toestemming daarvoor vra, om iets te mag vra wat `n mens graag sou wou!"

[12] **Ek** kom daartussen en sê: "Vriend, hier is dit werklik nie nodig nie! In Persië is dit wel gebruiklik, maar by ons moet ons nooit daarmee begin nie! Vriend, voor Elohim is die nederigheid wat dwaas en vernederend is vir die mensesiel, net so `n dwaasheid soos alle ander dwaashede wat slegs in die heidendom voorkom, - laat staan nog die te groot vernedering van die een mens voor die ander. So `n kruiperige uiting van nederigheid van die een mens voor die ander een maak beide sleg. Ten eerste omdat hy tydens die nederigheid meestal net huigel en daardeur sy medemens van nog meer hoogmoed betig, en ten tweede, omdat hy daardeur ook werklik nog hoogmoediger word!

[13] Die nederigheid wat voortkom uit die suiwer liefde, is die egte en ware nederigheid, want sy gee agting en het in die medemens `n broer soos broer lief, maar maak homself en die naaste nie tot `n god vir wie `n mens op die knieë moet val en die mens moet laat aanbid nie.

[14] Wat jy ook al wil of verlang, verlang dit soos `n mens van die mens af en soos `n broer van `n broer, maar die een mens moet nooit in die stof kruip voor die ander nie!

[15] Wat Elohim van geen mens vra nie, dit kan `n mens nog baie minder van sy medemens verlang! Dit is ook `n ware wysheid, wat volledig tuishoort in Elohim se orde. Onthou dit daarom goed en geestelik daarnaas, dan sal julle aangenaam wees voor Elohim en die mense!

[16] Maar nou weer oor iets anders! Sodat julle die sagte gesuis voor die grot van die profeet `n bietjie meer met hierdie tyd in ooreenstemming kan bring, sal Ek julle nou, omdat julle, soos gesê, nog beginselvaste Judeërs is, `n ander vraag stel."

### *Die meester ondervra die Perse oor die Messias*

**196** "Wat dink julle nou van die beloofde Messias, wat volgens die voorspelling van al die profete juis in hierdie tyd moet kom vir die verlossing van die Judeërs? Glo julle as verstandige mense werklik iets daarvan, of heg julle, soos vele dit tans doen, geen waarde aan sulke voorspellings wat vir die menslike verstand te mistiek beskou word nie?"

[2] **Die afgevaardigde** sê: "Verhewe vriend! Dit is `n uiters netelige vraag! Om heeltemal geen waarde daaraan te heg nie sou vir `n egte Judeër tog baie vermetel wees, - en om dit heeltemal ernstig te glo, is sekerlik ook `n baie gewaagde onderneming. Want `n mens kan daardeur vir die duistere bygeloof die deur wawyd oopmaak en op die manier vrye toegang daaraan verleen!

[3] Of heeltemal geen geloof nou beter is as die duistere bygeloof - of omgekeerd, die beslissing laat ek graag oor aan groter wyses as wat ek is. Maar my altyd nugtere verstand sê wel vir my dat heeltemal geen geloof aanmerklik beter blyk te wees as `n duister bygeloof.

[4] Want heeltemal geen geloof lyk na my mening soos `n pasgebore kind, of soos `n leë akker wat braaklê, waarin nog niks gesaai is nie. Die kind kan deur `n goeie opvoeding `n wyse man word, en in die akker wat braaklê kan elke edele vrugtesoort gesaai word. As die akker egter deur allerlei soorte onkruid oortrek is, en `n volwasse kind in allerlei dom dinge onderrig is, dan slaag dit glad nie meer met die ontwikkeling van die wysheid nie, of slegs baie moeisaam. En hoe moeilik `n akker van alle onkruid gereinig kan word, weet elke eerlike landbouer wat ooit besig was om die akker van alle onkruid te reinig, en vervolgens suiwer te hou! - Wel, verhewe vriend, dit is so ongeveer ons nugtere mening.

[5] Met betrekking tot die beloofde Messias sê ons nóg ja nóg nee. As `n egte wyse deskundige in die Skrif egter hierdie saak vir ons wil duidelik maak, dan sal hy vir ons as Judeërs en mense baie kan doen. As U enige houvas daaromtrent kan gee, vertel dit dan vir ons, ons sal U ewig dankbaar daarvoor wees!"

[6] "Dit is `n baie korrekte oordeel!" sê **Ek** aan die afgevaardigde. "Geen geloof is baie beter as `n duister bygeloof. Maar ondanks dit, sit daar tog `n paar kwaadaardige gewasse daaraan wat uiteindelik, wanneer dit maar eenmaal verhard het, net so moeilik is om te genees as om `n akker wat met onkruid oortrek is, skoon te maak.

[7] Die akker vol onkruid laat in elk geval nog sien dat sy bodem goed is, want andersins sou geen onkruid daarop gegroei het nie. Maar aan `n heeltemal braakliggende akker kan jy dit nie sien nie.

[8] Weet jy, as die sogenaamde wiskundig bepaalde, wêreldse verstand by `n mens eenmaal `n harde kern gevorm het, is `n geloof in iets suiwer geestelik, hoe verhewe en wys ookal, baie moeilik te verwesentlik! So `n verstandsmens wil uiteindelik alles wiskundig bewys sien. Van dinge wat hy nie kan sien en meet nie, wil hy heeltemal geen notisie neem nie.

[9] Oordeel nou self eers of dit dan by so `n mens met betrekking tot die aanneem van die suiwer geestelike ook nie `n moeilike saak is nie!"

[10] **Die afgevaardigde** sê: "Seker, verhewe en wyse Vriend! Maar `n mens mag tog wel daarvan uitgaan dat daar nie baie van die soort mense is nie, en hierdie baie sporadiese swaeltjies maak nog lank geen somer nie. Hierdie verstandelike geleerdes is egter uiteindelik tog baie toeganKliker vir die waarheid as al die swarte helde van die duistere bygeloof, veral as dit `n geloof om dien brode geword het! Met so iemand is glad nie te praat nie, en hy probeer alles wat hom ook maar enigsins sou kan benadeel, met vuur en met swaard te vervolg. Dit ondervind ons van die kant van ons priesters af, vir wie geen middel nou meer te sleg is om daarmee hul snode bedrieërye vir vervolging te beskerm nie!

[11] Daarmee wil ek nie beweer dat die priesters ook maar enigsins glo in dit wat hulle die ander met geweld wil opdring nie. Want hulle motief is brood, baie brood en baie goud, silwer en edelstene. Maar die dikwels misleide mensdom glo dit tog, en dan nog met die weersinwekkendste en gruwelikste fanatisme!

[12] Wel, op so `n besete groep geloofsmense is selfs die mees starre verstandsmens tog enorm baie ver voor! Hy is in elk geval `n vriend van `n waarheid, ook al is dit dan `n erg starre waarheid, terwyl die werklik bygelowige mensdom elke soort waarheid afwys en liewer `n boomtak aansien vir `n aap as vir dit wat dit is.

[13] `n Vriend van die waarheid is tog altyd op die een of ander verstandige manier toeganklik, terwyl by die swarte bygelowige selfs niks gedink word aan `n net skynbaar verstandelike toeganklikheid vir die een of ander waarheid nie.

[14] Dat die sterk op die matematiese gerigte mense moeilik tot die suiwer geloof gebring kan word, is `n baie bekende saak. Maar as so `n mens eenmaal iets aanvaar het, ook al is dit maar as hipotese, sal hy dit ook rotsvas volg, en alles aan die werk stel om hierdie as `n soliede waarheid, indien moontlik selfs wiskundig, te bewys.

[15] Sal `n duistere bygelowige dit ooit doen?! Modder en werklike goud is vir hom dieselfde, en ek bly dan ook daarby staan dat heeltemal geen geloof baie beter is as `n geloof soos wat byvoorbeeld by ons gebruiklik is!

[16] Soos wat ons egter gehoor het, is ook die tempelpriesters in Jerusalem nou nie meer baie beter as ons Persiese priesters nie. Met die wonderbaarlike ark van die verbond moet al sedert lank iets aan die gang wees, want ons weet maar al te goed wanneer, en waar, daar vir die oue `n nuwe gemaak is. Natuurlik nie in Jerusalem nie, maar so diep moontlik by ons in die land van die Perse, omdat dit nie verraai moes word nie. Dit het hulle egter nie so baie gehelp nie, want hulle moes die Persiese kunstenaars uiteindelik vir hul swye, tienmaal meer betaal as wat die hele ark werd was, en die kunstenaars het dit later tog aan hul eie mense vertel, en hulle weer aan ons Judeërs. Daarom, verhewe Vriend, hou ons onsself rotsvas aan die leer van Moses, hoewel daar ook dinge voorkom wat in `n natuurlike opsig tog wel pure onsin is. Maar niemand weet om `n redelike verklaring daarvoor te gee nie, en daarom breek niemand hom verder die hoof daaroor nie. Maar die wet en die moraal kan in goedheid en wysheid nie oortref word nie, en niemand kan homself, selfs in sy helderste oggenddroom, iets wyser en beter bedink nie!

[17] Die deel van die Skrif noem ons dan ook alleen die goddelike. Al die ander, by name die profetiese deel, wat geen mens kan verstaan nie, gaan ons weinig of glad nie aan nie.

[18] Die beeld van Elia wat deur U uitgelê is, is weliswaar baie treffend en mooi met betrekking tot die verwagte Messias, wat hoogs waarskynlik maar net suiwer geestelik gesien moet word, - maar wat die ander profete daaroor voorspel het, is uiters misterieus, wat `n goeie uitleg benodig, en `n nog beter geloof, wat gelukkig glad nie meer by ons te vinde is nie!

[19] Ons vind dit gewoonweg prysenswaardig dat ons weinig of heeltemal geen geloof heg aan sulke buitengewone dinge nie. In stede daarvan glo ons des te intenser in die enige ware Elohim, wat sonder enige twyfel deur Moses tot die kinders van hierdie aarde gespreek het!

[20] Maar veel van ons oortuigde, vaste geloof in Elohim het ons ook aan Plato te danke, wie se geskrifte ons lees en navolg. Moses was prakties en het die lewensweg met skerp gemarkeerde lyne geteken; Plato is oor die algemeen gees en siel, en toon die siel aan die siel en die gees aan die gees. En dit almal by mekaar: Moses, Plato, Sokrates en `n aantal profete, in die regte lig beskou, goed verstaanbaar, noem ons die eintlike Messias. Hy sal van bo kom, vanwaar al die lig na die aarde toe kom, na die mense wat van goeie wil is.

[21] Nou, verhewe en wyse Vriend, het ek heeltemal aan U onthul hoe ons is, dink en voel. Dit is nou oor aan U, as U met iets beter bekend is, om dit aan ons mee te deel, as U dit wil! Wat is dan byvoorbeeld U mening oor die profete en oor die beloofde Messias?"